DIE BOEK OPENBARING

Wanneer is die boek Openbaring geskryf?

Dis moeilik om Bybelboeke te dateer as hulle nie self sê wanneer hulle geskryf is nie. Dis ook waar van die boek Openbaring.

Daar is mondeling oorgelewerde tradisies wat leer dat die boek geskryf is aan die einde van die eerste eeu. Dit sou dan wees in die tyd toe Domitianus die keiser in Rome was.
Hierdie oorlewering word algemeen as korrek aanvaar. Daar is ander teorieë ook, maar dis bloot vir kennisname, want dit lewer nie 'n bydrae tot die beter verstaan van die inhoud van die boek nie.

Wat die datering van Openbaring raak, is die toestande wat geheers het in die gemeentes aan wie die brief (= boek Openbaring) gestuur is.

Hoofstuk 1:4 en 11 noem die name van die sewe gemeentes aan wie die Boek gestuur moet word:

> **Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,** (Openbaring 1:4 AFR1953)
>
> **Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.**
> (Openbaring 1:11 AFR1953)

Van sekere van die gemeentes weet ons redelik baie:

Efese

- Ons weet dat die kerk in Efese 'n swaar stryd teen ketters gevoer het toe Openbaring geskryf is.

  Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie. (Openbaring 2:2-3 AFR1953)
- Maar ons weet ook dat hulle toe al 'n gemeente was met baie alternatiewe en dat hulle die Here nie meer met oorgawe gedien het nie.

  Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.
  (Openbaring 2:4 AFR1953)

Pergamus en Tiatire

- Hier het droewige wantoestande geheers.

  Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.
  (Openbaring 2:14-15 AFR1953)

Sardis en Laodicea

- In hierdie twee gemeentes het dinge baie agteruitgegaan.

  En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood. (Openbaring 3:1 AFR1953)

> **Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!** (Openbaring 3:15 AFR1953)

Ons lees in Handelinge 18 van die kerk in Éfese en van die ander kerke in die omgewing. Toe het dit met hulle goed gegaan en hulle het baie sterk gestaan in die geloof.

> **En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek. En toe hulle versoek dat hy langer by hulle moes vertoef, het hy nie toegestem nie, maar van hulle afskeid geneem en gesê: Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier, maar ek sal weer na julle terugkom as God wil. En hy het van Éfese afgevaar. En toe hy in Cesaréa gekom het en opgegaan en die gemeente gegroet het, het hy afgereis na Antiochíë. En nadat hy 'n tyd lank vertoef het, het hy vertrek en agtereenvolgens die land Galásië en Frígië deurgereis en al die dissipels versterk.**
> (Handelinge 18:19-23 AFR1953)

Die toestande wat in die boek Openbaring weergee word, is heeltemal anders.

- Daar het intussen verval ingetree in die jong kerke.
- Die boek Openbaring moet dus heelwat later geskryf wees as die boek Handelinge.

Wat is die hoofinhoud van die boek Openbaring?

Die heel sentrale gedagte/hoofgedagte van die boek is: Die Here kom!

> **Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!** (Openbaring 1:7 AFR1953)
>
> **Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.** (Openbaring 22:7 AFR1953)
>
> **En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.** (Openbaring 22:12 AFR1953)
>
> **Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!** (Openbaring 22:20 AFR1953)

Die boek behandel egter nie net die wederkoms alleen nie. Dit behandel alles wat die Here deur die eeue doen en gedoen het – van die skepping tot met die wederkoms.

Die inhoud van die boek Openbaring sou vlugtig/kortliks soos volg weergegee kon word:

Hoofstuk 1-3

Inleiding en voorbereiding waaroor die boek aan die sewe gemeentes handel. Die Here Jesus verskyn en gee aan Johannes opdrag om aan die sewe gemeentes te skryf.

Hoofstuk 4 en 5

Die gesigte begin: Johannes sien God op sy troon sit omring deur allerhande hemelwesens en die vier en twintig ouderlinge. God het in sy regterhand 'n boek gehad wat niemand kon oopmaak nie. Daarop verskyn die Here Jesus as die Lam wat geslag is – Hy het die mag ontvang om die seël te breek en die boek oop te maak.

Hoofstuk 6

Die geslote boek se seël word oopgemaak. Dan volg daar by ses van die sewe seëls magtige vertonings van onheil en ellendes.

Hoofstuk 7
'n Engel verskyn wat almal wat deur God uitverkies is, merk, sodat die rampe wat kom, hulle nie tref nie.

Hoofstuk 8 en 9

Die sewende seël word oopgemaak. Sewe engele ontvang elkeen 'n trompet (basuin). Allerhande dinge gebeur wanneer hulle daarop blaas.

Hoofstuk 10

'n Engel wat 'n boekrol in sy hand het, sweer dat daar nie meer uitstel gegee word nie. Hy beveel Johannes om die boek te eet.

Hoofstuk 11

Johannes kry 'n meetstok om die tempel mee te meet. Die twee laaste getuies verskyn, word doodgemaak en herrys.

Die sewende basuin kondig die oorwinning vir God aan. Die hemel weergalm van lof en die verbondsark word vertoon.

Hoofstuk 12

Die beeld van 'n vrou met hemelse luister word geopenbaar. Sy en haar kind word deur die draak (Satan) aangeval. Die Satan word verslaan en die vrou ontvlug.

Hoofstuk 13

In die hemel is die oorwinning behaal, maar op die aarde moet die stryd nog beslis word. 'n Gedrog kom op uit die see. Van die aarde af kom daar nog 'n gedrog by wat die eerste een help.

Hoofstuk 14

In die hemel word die Lied van die Lam gesing. Die eindoordeel vind plaas: eers die graan en dan die druiwe!

Hoofstuk 15

In die hemel word die lied van Moses gesing.

Sewe engele kry elkeen 'n goue bak waarin daar elke keer 'n ander klomp smarte oor die aarde beskik word.

Hoofstuk 16

Die sewe engele gooi hulle bakke op die aarde uit.

Dit loop uit op die oordeel oor Babel.

Hoofstuk 17

'n Versierde vrou (die groot hoer) word aan Johannes geopenbaar.

Hoofstuk 18

Die groot stad Babilon (al die magte teen die Here Jesus Christus) word vernietig.

Die aardlinge is in swaar rou gedompel hieroor.

Hoofstuk 19

Die hemelinge en die verlostes juig oor die vernietiging van die donker magte.

Daarna volg die bruilof van die Lam.

Die Ruiter op die wit perd verskyn met die leërs van die hemel wat Hom volg.

Die dier en die valse profeet word gevange geneem en in die poel van vuur en swael gegooi.

Hoofstuk 20

Die draak word vernietig.

Die tweede opstanding vind plaas.

Die boeke word oopgemaak en die laaste oordeel vind plaas.

Hoofstuk 21 en 22

Die nuwe hemel en die nuwe aarde is meteens daar.

Die ewigdurende heerskappy van God en die Verlosser begin.

Die Nuwe Jerusalem word breedvoerig beskryf.

Hoofstuk 22:8-21

Slot: Waarskuwings en saligsprekings.